4 Desember 2020
NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S



Was 2020 se Kerssangdiens 'n roetemerker? - *Anton Pienaar*

Wat sal ons dit noem? 'n Teken van hoop? Die nuwe normaal? Stellastraat se 2020 Kerssangdiens is mede-ontwerp deur die coronavirus en 'n span kreatiewe mense van Stellastraat. Ds Fay van Eeden en 'n span musikante en tegnici het ons in die buitelug bymekaar gemaak en vir almal 'n heerlike ervaring van Kersfeesmusiek gegee. Welgedaan!

Soveel persone het aan die geleentheid gesê: dit moet weer so gedoen word! Is dit hoe die Kerssangdiens van die toekoms gaan lyk? Daar was soveel lekkerte aan die aand, die kleiner kinders wat so lekker kon rondbeweeg, en die talle mense wat tot laat nog saam gekuier het in die heerlike soel Pretoria-aandlug.

Vir my was die wonder van die aand die hoeveelheid mense wat daar was. Stellastraat is nie vergeet nie! As ons bang was mense gaan in die toekoms van die kerk af wegbly, dan het vanjaar se Kerssangdiens die teendeel gewys. Oud en jonk was daar, én die omgee en die ligtheid en die vrolikheid was ons toebedeel.

*Kan jy dalk Sondag help met **OPERASIE RESTORASIE?***

Sun Sparrows is PEN bediening se kleuterskool in Sunnyside. In Steve Bikostraat. PEN benodig dringend iemand om 'n vrolike muur by hulle ingang te verf. En dis waar jy dalk kan help!

Ons gaan dit sommer hierdie **Sondag, 6 Desember,** nog doen! Kom help verf aan die muur! Jy hoef nie 'n kunstenaar te wees nie ... jy moet net binne die lyne kan verf. Ons vertrek 10:15 by die kerk. Trek ou klere aan en bring vir jouself 'n kosblik en drinkding saam. Laat weet asseblief vir Fay (083 478 0854) voor Saterdagaand of jy saam kom.

Sondag 6 Desember se eredienste

Onthou asseblief om te registreer vir die eredienste. Op die internet of deur die kerkkantoor vandag nog te skakel. In die lig van die waarskuwingsligte dat daar 'n styging is in die covid-19 infeksies, doen ons weer 'n beroep op mekaar om asseblief die voorkomende regulasies te eerbiedig.

Sondagoggend is daar net een oggend-diens, en die begin **09:00**. Tienie lei die erediens. Advent help ons om na te dink oor die betekenis van Jesus se menswording (koms na die aarde). Sondag is 2de Advent en die kers wat ons gaan aansteek heet "Vrede". Die tema is *"'n Vreemde omhelsing in 'n moeilike tyd"* (Psalm 85:11). Baie welkom aan Miga Janse van Rensburg die seun van Marinus en Doney en Albert-Daniel Wilken seun van Du Toit en Adele. Hierdie babas word tydens die diens gedoop.

Sondagaand om tien voor ses lei Willem die **Adoramusdiens** in die kapel. Dis die tweede Adventsondag en ons betree die tyd waarin ons God se beloftes en ons hoop vier. Die HERE vra ons hoe dit staan met die hoop in ons hart. Is jou hoop vir die tydelike en ewige jou troos? Die teks is Jesaja 40:1-11.

Registreer asb by dié skakel vir die eredienste- https://forms.gle/sgAdxNtCatdUEBEJ6

Baie welkom aan die volgende dopelinge!

Baie welkom aan
Miga Janse van Rensburg,
die ouers, familie en vriende!

Baie welkom aan
Albert-Daniel Wilken,
die ouers, familie en vriende!

Kersfees se eredienste

Vanjaar gaan ons in Stellastraat twee eredienste op die oggend van Kersdag, **25 Desember**, hou. Die eerste diens is reeds **07:00** en die tweede diens sal **08:30** begin. Doodeenvoudig omdat die covid-19-virus ons kortwiek om die kerk vol mense te maak! Dr James Kirkpatrick gaan beide eredienste lei.

Wat belangrik is, is dat ons die reinigingsritueel (sanitering) sal moet nakom voor ons die gebou betree, dat ons ons name moet opskryf, en dat ons ons smoelkapje's sal moet dra. Ons sal volgende week laat weet of ons vooruit op die internet sal kan bespreek vir die twee dienste. Covid-19 gaan nie keer dat ons die vreugde van die Geboorte in ons kerkgebou vier nie!

Skooltassies 2021

Dankie vir die bydraes vir die 2021 skooltassie-projek.

Die tassies is spesiaal gevul vir kinders wat die eerste keer skooltoe gaan. Die koste van 'n tassie en die inhoud daarvan is R400. As jy een tassie kan borg sal dit baie help, maar selfs 'n bydrae vir 'n halwe tassie (R200) sal hoog waardeer word! Merk net die inbetaling '***skooltassie'.***

Die tekort vir die projek gaan ons probeer aanvul met die deurkollekte op Kersdag 2020.

Dankfees 2020

Die gemeente se jaarlikse inkomste uit die Dankfees skiet nog ongeveer 20% te kort. Dankie vir almal wat reeds kon bydra. Indien daar nog bydraes kan wees, sal dit help om die druk op die begroting te verlig.

Die vreemdste jaar moet nou tot rus kom!

Dit is 'n oorbodige opmerking, maar in 2020 was alles op sy kop gekeer. Rus en asem is nodig. Baie nodig! Stellastraat se kerkkantoor gaan vanjaar sluit op **15 Desember** en eers weer oopmaak op **4 Januarie 2021**. Buiten vir die eredienste, gaan die personeel rus van lyste, sanitering, maskers en verduidelikings. Ons gun dit elkeen!

In dieselfde tyd gaan die herwinning by die kerk ook nie beskikbaar wees nie. Moet asseblief nie in dié tyd iemand soek om die kerkterrein oop te maak nie, daar gaan niemand wees nie!

Baie dankie aan almal wat die Kersfees-kosmark ondersteun het!

MENLOPARK-GELOFTEFEES
WOENSDAG, 16 DESEMBER 2019
Tyd: 08:45

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK
PRETORIA-OOS
Delyweg 100, Waterkloofpark

Prediker: Ds. Hannes van der Merwe
Orrelis: Pieter van den Berg
Trompet: Braam van Tonder

www.youtube.com/c/PretoriaOosGemeenteNHK/videos

Gebed Sonder Grense

Saterdag **5 Desember 07:00** in die kapel word dié geleentheid aangebied waar Eberhard Brown terugvoer gaan gee oor die uitreik na Duitsland.

Ongesteld

Elise Pistorius se moeder, Johanna Nel, is met leukemie gediagnoseer en huidig in Lusaka vasgekeer. Dit is 'n baie moeilike tyd vir die familie, ons dink aan hulle!

Nuwe lidmate

Baie welkom aan **Riaan, Anina, Henko en Sureta Brits** van Zambesilaan 70, Doringkloof.

Verjaarsdae 6 - 12 Desember

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 6 Desember:
Christelle Auriacombe, Carla Krogh, Billy Lyons, Emma Reyneke, Mia Rich, Jeanne Steyn, Liam Swart, Pieterjan van der Merwe, Wouter van Wyk.

Maandag 7 Desember:
Olivia Barkhuizen, Elara Cloete, Al De Brito, Jay Fourie, Bernard Kruger, Súly Kühn, Anna Maria Laäs, Margaret Olivier, Stals Swart.

Dinsdag 8 Desember:
Christiaan Bernard, Uysie de Klerk, Emma Lyons, Carine Pelser, Tina Rabie, Marianne Wessels.

Woensdag 9 Desember:
Anouk Auret, Wolf Dannheimer, Anice Gous, Corali Venter.

Donderdag 10 Desember:
Annie de la Bat, Gustav Grosskopf, René Keun, Etronea Keyser, Hogan King, Willie Kruger, Ayden Snyman, Tewie Wessels.

Vrydag 11 Desember:
Carl Arndt, Neil Arndt, Jana Coetzee, Marco de Bruin, Nina Gloy, Lientjie Nel, Lolly van Niekerk.

Saterdag 12 Desember:
Teo Bosman, Jaco Colyn, Lané Cornelius, Joyce de Leeuw, Sanette Fourie, Daleen Graaff, Sooi Koekemoer, Johnathan Lotter, Estelle Taljaard, Liam van der Merwe.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za